’n Persoonlike roeping

Teks: Johannes 21: 20 - 25
Teksvers: Johannes 21: 22 - 23

1. Inleiding

Maar Here wat van hom of haar, kyk net na hulle geloofslewe. Is dit dikwels woorde wat ek uiter oor my broer en suster in die geloof? Wanneer ons vanoggend stil word voor die slotverse van die Johannes evangelie, sien ons dat ons nie alleen is nie. Hierdie binnekring van Jesus se bediening, dink en doen al dinge op hierdie manier. Petrus vra duidelik in ons teksgedeelte na die roeping van Johannes. Of nee, eerder na die verskil tussen sy eie roeping en die van Johannes.

Ons kan nou maklik terugstaan en vra, maar wat het hier vir Petrus besiel om nou juis dit te kom vra? Of eerder hoekom is Petrus nie tevrede met die feit dat Christus sy roeping en rol in die kerk herstel in die voorafgaande verse nie. Maar nou is hy besig om in te meng in die verhouding wat daar tussen Jesus en die apostel Johannes bestaa. Vanuit hierdie oogpunt voel die skerp antwoord wat Christus in ons teksverse uiter geregverdig.

Maar wanneer ons vanuit ’n wêreld kyk wat krities staan teenoor Christus en die geloof, dan vra mens maklik, maar is hierdie nie bietjie streng nie? Of miskien waar is die regverdigheid daarin, wanneer twee Apostels nie presies dieselfde roeping ontvang nie? En natuurlik ook nie dieselfde seëning nie. Petrus moet aanhoor dat wanneer hy oud is sal jy hy sy hande uitsteek, en iemand anders sal hom vasmaak en hom bring waar hy nie wil wees nie.” volgens vers 18 van ons hoofstuk vandag. Maar Johannes, hy gaan skynbaar leef tot en met die wederkoms, of gaan hy? Kom ons gaan luister wat ons Here Jesus Christus sê, maar ook nie sê nie.

2. Die wil van die Here

Die almag van die Here veroorsaak dat Hy altyd Sy wil kan laat geskied. En dit is miskien een van die moeilike struikelblokke in die verstaan van vandag se teksgedeelte. Ons as mens leef vandag in ’n begrensde wêreld. Hoe meer die mens daarop wil roem dat hy/sy vry is, hoe meer besef die mens net dat daar duidelike limiete en grense is aan wat hy/sy kan doen. Ja selfs al wil die mens dalk anders doen, beperk dinge soos geleenthede, gesondheid, finansies, vermoëns en die lys gaan aan hom/haar om eenvoudig enige iets te doen wat hulle wil.

En dan besef ons dikwels nie dat die almagtige skepper en onderhouer van de heelal nie gebind is aan hierdie limiete nie. Maar dikwels sien ons limiete en grense as ’n goeie ding, veral wanneer dit by leiers en regeerders kom. Dit kan belangrike maatreëls word, wat mense op hulle plek hou. Weerstande wat keer dat die boosheid by die mens nie eenvoudig vrye teuels kry nie, veral as dit by leiers en regeerders kom. Maar ons praat nie in ons teksverse van mense, met hulle natuurlik geneigdheid tot die sonde nie. Ons praat van die Here wat totaal en al heilig is, in Sy hele wese.

Dit is hierdie wil van die Vader wat ook die begin van ons teksgedeelte is. Want volgens Johannes 10:30 is Jesus en die Vader een, en daarom het hulle ook een wil. Met die woorde aan die begin ons teksverse maak Jesus dit baie duidelik dat Petrus nou eintlik besig is om die wil van die Vader te bevraagteken. Sien dit gaan nie oor die vra na die wil van die Vader nie, maar oor die kritiseer van die wil van die Vader omdat dit my nie pas nie. “Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!” Dit is nie die gees, waarin Petrus hierdie vraag aan Christus rig nie.

3. Die soewereiniteit van die Here

Almal moet oor gelyke geleenthede, opdragte en uitkomste beskik, is dit nie die gewilde kreet wat ons nog daagliks rondom ons hoor nie. En wanneer ons vanoggend na ons teksgedeelte kyk, is dit skielik nie so vreemd nie. Petrus kan nie verstaan waarom Johannes dan nie presies dieselfde roeping van die Here as hy ontvang nie. En as hier dan ’n verskil in roeping en omstandighede is, moet dit immers aan hom verduidelik word. Vinnig vergeet hy van die genade wat in net die voorafgaande gedeelte aan hom bewys is.

Trouens dit is nie die eerste keer wat ons van hierdie spesifieke optrede onder die apostels raaksien nie. Want wat eintlik hier aan die gang is, is ’n wedywering vir die leiersposisie. Soos ons ook in Lukas 22:24 sien, waar die

Apostels twis oor wie van hulle nou eintlik die grootste geag moet word. Met ander woorde wie plas die Here onder my gesag, wie moet my onderdanig wees? Dit druis uiteindelik in teen alles wat in die Nuwe Testament oor die uitleef van my geloof geopenbaar word en daarom is Christus se reguit antwoord in ons teksverse, miskien geregverdig.

Tog sien ons vandag nog dat mense hierdie tipe verduidelikings van die Here eis. Wanneer ons nie presies verstaan wat die Here se wil met ons, maar veral die geloof van ons broers en susters in die geloof is nie, gebeur hierdie. Dit is dan wanneer ons die Here verantwoordelik wil hou vir ’n verduideliking.

Die probleem is dat ons nie verstaan dat God soewerein is, met ander woorde nie ’n verduideliking oor Sy wil en optrede aan iemand verskuldig is nie. Ons sien dit uiteindelik ook in die antwoord aan Petrus in ons teksverse. Jesus gee nie ’n verduideliking aan Petrus oor die roeping van Johannes nie. Nee, Hy wys hom eerder skerp tereg. Hy maak dit duidelik dat dit nie Petrus se plek is om daarna te vra nie.

4. Volg jy my

Die laaste saak in ons teksvers sny dieper. Want hierdie laaste openbaring van die Here openbaar ’n sonde wat so dikwels steeds in ons leef vandag teenwoordig is. Dit werk soos volg: Indien ek die stelsel as onregverdig en onbillik kan bewys, is ek mos kwytgeskeld van my opdrag en verantwoordelikheid daarin. Maar is dit waar? Kan ons hierdie beweegrede in die geloof en die kerk van die Here gebruik?

Die opdrag volg my, word nie weer herhaal wanneer die Here Sy uitspraak die tweede keer, in ons teksverse, herhaal nie. Dit terwyl die res van die woorde letterlik net so herhaal word. Ons roeping om die in die Here Jesus Christus is nie onderhandelbaar nie. En dit is deel van Christus se skerp en reguit antwoord in ons teksverse. In eenvoudiger taal gestel, dit maak nie saak met met Johannes gebeur of nie gebeur nie, jy Petrus moet My steeds volg.

Eintlik is hierin juis groot genade opgesluit. My verlossing en opdrag van die Here, is nie afhanklik van my broers en susters in die geloof nie. Ja, ons kom soek die warmte van die gemeenskap van die gelowiges op. Maar kan nie ’n louwarm geloofsgemeenskap as rede vir die wegkwyn van my eie geloof aanvoer nie. My koue geloofslewe kan nie geblameer word op die kerk nie, ek staan hierin alleen voor die Here. Want uiteindelik maak dit nie saak wat die kerk doen nie, die Here se woorde aan my bly steeds: Volg jy my.

Maar tog is die anderkant waar, ’n kwynende geloofsgemeenskap is wel die gevoel van die versaking van my roeping. Wanneer ek nie my gawes in die geloofsgemeenskap gaan aanwend nie. Wanneer ek nie die Here met hart en siel volg nie, ly die geloofsgemeenskap daar onder.

5. Slot

Die laaste saak, waarmee ons ook afsluit, is die voorspelling van Christus wat alreeds in hierdie tyd so maklik verdraai is. Die gerug het ontstaan dat die Apostel Johannes nie sal sterf voor Christus se wederkoms nie. Uit buite bybelse bronne, sien ons dan dat al die apostels ’n martelaars dood sterwe, terwyl Johannes dit wel ontkom. Soos ons weet, word hy verban na die eiland Patmos waar hy dan ook die boek Openbaring ontvang en op skrif stel.

’n Martelaarsdood impliseer derhalwe ’n jong sterf datum, terwyl Johannes dan op ’n hoë ouderdom in Efese sterf. Dit is dan ook as gevolg van hierdie stukkie geskiedenis dat kritici van die Skrif reken hierdie verse is later ingevoeg om die Christendom ’n rooi gesig te spaar. Maar dit is nie waar nie. Trouens dit is uiteindelik presies waaroor Jesus se uitspraak in ons teksverse gaan. Of Johannes nou bly lewe tot die wederkoms of nie, dit verander niks aan Petrus se roeping nie. Eintlik het die niks met Petrus en ’n mens kan sê ook ons te doen nie. God besluit wat gaan gebeur in elke persoon se lewe, en Hy hoef aan niemand verantwoording daaroor te gee nie.

Uiteindelik bewys hierdie toepassing en uitspraak vir ons presies hoe die mens die Woord van die Here kan verdraai en uit konteks haal, sodat dit iets heeltemal anders beteken. Die Woord van die Here is nie ’n waarsêersjoernaal met verskeie toekoms voorspellings nie. Nee, ten diepste is dit die Here se Woord aan ons, Sy geliefde kinders. En in hierdie Woord openbaar die Here duidelik aan ons die prys en pad van ons verlossing. Ja dit is ’n pad wat uiteindelik deur die wederkoms in die hemel eindig, maar intussen is daar hier en nou vir elkeen van ons ’n persoonlike roeping van die Here. Luister en Volg ons Hom nog, of is ons te gefokus op wat met ander mense gebeur?

Amen